

ARGEOLOGIE IN DIE MUSEUM

J. Dreyer

Die term argeologie is afgelei van die Grieks *archaios*, wat oud of vroeg beteken en *logos* wat gesprek of redevoering, met ander woorde bestudering, beteken. Vry vertaal, dui dit dus op die studie van die oudheid. Dit bestudeer die kulture van vroeëre volke en daarom beskou ons dit as 'n gespesialiseerde onderafdeling van die Algemene Volkekunde. Argeologie is die dissipline "wat 'n rekonstruksie probeer maak van die geskiedenis en lewenswyse van vroeëre mense deur hulle materiële nalatenskap te bestudeer, dit wil sê hulle tegniese skeppinge en enige ander materiaal wat op vroeëre lewe lig werp." (Eloff 1971). Die studiemateriaal van die argeoloog is dus hoofsaaklik die oorblyfsels van menslike skeppinge asook menslike skeletmateriaal. Die argeoloog versamel egter nie voorwerpe ter wille van die voorwerpe nie. Die feite van argeologiese studie is waarnemings aangaande die eienskappe of kenmerke van die oorblyfsels van die aktiwiteite van die verlede en die verband met ander voorwerpe waarin hulle gevind word. Die klem rus dus op die verklaring van gedragpatrone van die mens wat die voorwerpe gemaak het.

Die Afdeling Argeologie in hierdie Museum konsentreer tans op etlike projekte wat vir korter of langer tydperke aangepak word en behels die volgende:

Gegewens in verband met die lokaliteit en moontlike inhoud van alle argeologiese terreine word op rekord geplaas en bewaar; literatuur oor die argeologie en die voorgeskiedenis van die provinsie word versamel en bewaar; die samestelling van 'n trefwoordkatalogus oor onderwerpe in die argeologie in die breë en die voorgeskiedenis van die Vrystaat, soos wat dit in die literatuur voorkom, is as 'n langtermynonderneming aangepak; terreine word gereeld ter plaatse besoek; 'n opgraving van 'n Laat-Ystertydperkterrein by Winburg, word onderneem.

Hierbenewens het die Afdeling ook kuratoriale pligte. Die Museum beskik oor 'n baie groot hoeveelheid argeologiese materiaal, waarvan die Sampson-versameling uit die Oranjeriviergebied byna die helfte uitmaak.

Al hierdie voorgenoemde take van die afdeling Argeologie geskied egter agter die skerms en die algemene publiek is gewoonlik onbewus hiervan. Besoekers aan die Museum sien slegs die materiaal en voorwerpe wat uitgestal is en verkeer somtyds onder die wanindruk dat die personeel net besig is om nuwe uitstallings voor te berei. Dit is slegs 'n gedeelte van hul taak.

Museumuitstallings het in die verlede gewoonlik slegs voorwerpe ten toon gestel en daar is geensins gepoog om die voorwerpe in hul onmiddellike konteks (verband) teen 'n breër agtergrond uit te beeld nie. Hierdie neiging is waarskynlik ook deels verantwoordelik vir die wanopvatting wat bestaan dat die argeoloog net voorwerpe soos potskerwe en klipwerktuie versamel. Nuwe metodes van uitstalling word egter ontwikkel en is besig om veld te wen. Die idee "om meer te sê en minder te wys" sal waarskynlik toeneem en beter vrugte dra.



'n Rekonstruksie van 'n rotstekening op die plaas Ventershoek, Wepener. Hierdie terrein is 'n verklaarde Nasionale Gedenkwaardigheid maar is reeds beskadig deur mense wat dele van die paneel verwyder het.



'n Pyltjie uit die latere fase van die Steentydperk. Hierdie voorwerpies is gesogte versamelaarstukke maar is vir die wetenskaplike van geen waarde indien dit nie korrek versamel word nie.

Amateurargeoloë in Suid-Afrika het reeds in die verlede 'n groot taak verrig en kan steeds 'n baie nuttige bydrae lewer, mits hulle op die regte wyse te werk gaan. In baie gevalle, soos in die Vrystaat, is die opgeleide mannekrag uiters beperk en kan die publiek deur terreine op te spoor en (sonder om 'n enkele voorwerp op te tel) aan die Museum te rapporteer, 'n enorme bydrae lewer wat vir die navorser baie tyd sal bespaar. Dit is onvermydelik in 'n vinnig ontwikkelende land soos Suid-Afrika dat argeologiese en historiese terreine op groot skaal beskadig, geplunder en vernietig word. Hierdie tendens kan enersyds aan onkunde en andersyds aan blote moedswilligheid of vandalisme toegeskryf word. Verder is noue skakeling nodig met ontwikkelaars, boere, stadsbeplanners, paaie-afdelings, die Departement Omgewingsbewing en ander instansies om mense betyds bewus te maak van nuwe beplanning, sodat die nodige reddingswerk uitgevoer kan word. ☐



Koepelhutte van klip, soos hierdie uit die omgewing van Lindley, word wydverspreid in die Vrystaat aangetref. Dit is bekend dat talle van hierdie hutte wat ongeskonde was, tydens die bou van die oliepylyn van Durban na die Rand in die lug geblaas en vernietig is.



Oorblyfsels van wat moontlik die geplaveide vloer van 'n hut kon gewees het.

Bibliografie

- COERTZE, P.J., 1980 *Filosofiese en metodologiese grondslae van die Folkkunde*. Lex Patria, Pretoria.
- FLOFF, J.F., 1971 *Die Ontwikkeling van die argeologie as wetenskaplike dissipline en sy verhouding tot ander dissiplines*. Professorale Intreerede: Universiteit van Pretoria. Ongepubliseerde verslag.
- MALLOWS, E.W., 1963. Pre-European Settlement patterns in Africa South of the Sahara. Johannesburg. ISMA.